KANTOORVERSLAG

BERAAD 2023

deur Karien Snyman
ADMINISTRATIEWE BEAMPTE

-

Die Dameskring

KANTOORVERSLAG
VIR DIE BERAAD OP 6 EN 7 OKTOBER 2023

1. ALGEMEEN

Die Dameskring het sedert die begin van 2021 ons eie kantoor by die Erfenissentrum. Ons is baie dankbaar teenoor die FAK en Voortrekkermonument wat die kantoor aan ons beskikbaar stel, sodat Die Dameskring as 'n Afrikaanse vroue-organisasie 'n tuiste tussen ander kultuurorganisasies kan hê. Met genoeg spasie en privaatheid maak dit DK-werk sommer baie makliker. DK-lede is welkom om enige tyd te kom inloer vir 'n koppie koffie.

Die afgelope twee jaar was besiger as ooit – geen tyd vir ledigheid nie. In 2022 het ons by die SOS-kongres (Skole Ondersteuningstelsel) begin betrokke raak. Hierdie is 'n heerlike geleentheid waar ons DK kan bemark en van ons aanlyn winkel se produkte kan verkoop. Ons het heelwat kontakte opgebou wat opgevolg is en nuwe vriendinne kon na takke verwys word. Riana Conradie, voorsitter van die Waardeprojek, gebruik hierdie geleentheid ook om die Waardes vir Woelwaters en die werkwinkels aan onderwysers, wat die kongres bywoon, te bemark.

In Desember 2022 het ons ons eerste Die Koöp-Kersmark by die Voortrekkermonument se Gelofteweek aangebied. Dit was 'n reuse sukses en ons beplan om in 2023 nog groter te gaan. Die Kersmarkkomitee wat bestaan uit Elphi Taljaard, Marinda Schutte, Karin Stoffberg en Suzette Viljoen is voorslagvrouens wat hulle kennis en ervaring deel om hierdie projek te laat leef. DK-lede kan deel wees van hierdie projek deur items te skenk, produkte te verkoop of te kom help.

Met die Afrikaanse projek wat aan die begin van 2023 afgeskop het, het dit ook heelwat ekstra werk tot gevolg gehad. Die Afrikaanse projekkomitee doen baie moeite om Afrikaans te bevorder. Die maandelikse heeljaarpret aktiwiteite verskaf groot genot in takke en tussen lede.

Tussen Beraadsake, Kersmarkbeplanning en al die ander kantoorsake moet ek behoorlik kophou. Ek is baie dankbaar vir 'n bestuurspan wat elkeen hulle kant bring en help om die wa deur die drif te trek. Sonder hierdie dinamiese vroue se hulp, takke se samewerking en ook DK-lede wat hulp aanbied, kan die kantoor nie effektief funksioneer nie.

Dit is vir my 'n groot voorreg om saam met vrouens te kan werk wat glo in goeie waardes, glo in diensbaarheid en wat 'n verskil maak in ander se lewens. Die grootste voorreg is om saam met hulle ons Hemelse Vader te verheerlik in dit wat ons doen. Die Dameskring gee nie net vir my geleentheid vir persoonlike ontwikkeling nie, maar verryk my lewe in soveel opsigte.

Seisoene kom en gaan en so betree ons weer 'n nuwe seisoen met 'n nuwe Bestuurspan. Met God se instaatstelling is ek oortuig daarvan dat ek net so lekker saam met die nuwe UB-span gaan saamwerk en dat ons saam sal voortbou op die goeie werk wat deur vorige UB-lede gedoen is.

2. VIRTUELE LEDE

Die virtuele tak was 'n inisiatief van Coreen King, voormalige president, en het aan die begin van 2021 begin. Die vergadering vind een keer per maand deur middel van Zoom plaas. Op hierdie manier is dit vir meer vrouens moontlik om in te skakel by DK en kry ons virtuele lede dan ook meer waarde vir hul lidmaatskap. Van ons UB-lede en selfs lede wat wel by 'n tak inskakel woon soms die virtuele vergaderings by om sodoende meer DK-vriendinne te leer ken.

Lede wat nie by 'n tak kan inskakel weens gesondheid, ouderdom, afstand na die naaste tak, oorsese lede of geen tak in hul omgewing nie, se status kan verander na virtueel.

Ons het tans **44 virtuele lede**, waarvan een oorsee woon. Ander Afrikaanse vroue wat oorsee woon het ook al ingeskakel by ons virtuele takvergaderings.

Tegnologie en beurtkrag pootjie soms van die dames, maar ons is dankbaar vir elkeen wat moeite doen om in te skakel en deelneem aan die gesprekke.

Die doel van die virtuele tak is:

- Om virtuele lede te bedien met inligting, bemagtiging en samesyn.
- Om vir virtuele lede ook die geleentheid te bied om aan 'n tak te behoort, al is dit virtueel.
- Om aan virtuele lede ook die geleentheid te bied om ander DK-vriendinne beter te leer ken.
- Om aan virtuele lede ook die geleentheid te bied om mekaar te bedien en op te bou met 'n boodskap en aktuele onderwerpe.

3. Webblad en Sosiale Media

Ons DK-Webblad is opgegradeer en meer gebruikersvriendelik, sodat DK-lede die inligting waarna hulle soek, maklik kan vind.. Alle DK-dokumente is op die webblad, asook al die Granaat-tydskrifte en Klits Klets-uitgawes. Takinligting en nog baie meer is ook maklik te vind. Waaroor ons baie opgewonde is is die Aanlyn winkel, waar jy unieke en kwaliteit produkte kan vind vir oud en jonk. Besoek gerus ons webblad, indien jy dit nog nie gedoen het nie.

DK se gesigblad (*Facebook*), en *Instagram*, word gebruik om takke se inligting te deel en ook om DK se werksaamhede aan 'n wyerr gehoor bekend te stel. Hierdie is 'n enorme taak en ek is so dankbaar vir die Sosiale Media sub-komitee wat my hierin bystaan. Baie dankie aan Karen Hauman, Ilze Lammers, Karin Stoffberg en Tanya Gerber. Baie dankie ook aan elke tak wat getrou berigte en foto's stuur.

4. Ledestelsel

Die ledestelsel word gereeld op datum gehou soos wat inligting van takke ontvang word. Dit is daarom noodsaaklik dat die sekretaresse van elke tak so gou moontlik nuwe registrasies en bedankings aan die kantoor deurgee. Indien lede verhuis is dit baie belangrik dat haar huidige tak kontak maak met die nuwe tak, sodat die korrekte T-vorm met die lid se veranderde inligting voltooi word en na die kantoor gestuur word. Indien hierdie proses nie voltooi word nie, raak lede verlore en skakel nêrens in nie. Verandering van lede se van, adres en selnommer moet ook aan die kantoor deurgegee word, vir opdatering van die ledestelsel.

Vanaf Oktober 2021 tot einde Augsutus 2023:

Totaal van nuwe lede bygevoeg en herinstellings: **116**
Totale getal lede verloor deur bedankings, sterftes en onaktief: **213**

Takke: **1 Nuwe tak**
8 Takke ontbind

Totale Ledetal soos op 31 Augustus 2023: **13 Gebiede**
60 Takke
670 Lede

Lede 70 jaar en ouer:	**273**	(1931 - 1953)
Lede jonger as 70 jaar:	**397**	(1954 – 1999)

5. NUUSBRIEF: KLITS KLETS

Die Dameskring se nuusbrief is ’n maklike manier om DK-sake en takinligting na alle lede te versprei. Dit word maandeliks uitgestuur nadat ’n span kundige en ervare vroue seker gemaak het dat die inhoud korrek, opbouend en verrykend is. Baie dankie aan hierdie span bestaande uit Elphi Taljaard, Marinda Schutte en Karin Stoffberg wat help om ’n professionele en interessante nuusbrief te verseker. Marda Oosthuysen help ook van tyd tot tyd met berigte.
Onlangs het Elbie Schoeman ook aangebied om te help met proefleeswerk om so die las ligter te maak.

6. TAKHEFFINGS

Finansies bly maar altyd ’n groot uitdaging en ’n enorme verantwoordelikheid. Ek het groot dankbaarheid en waardering vir die Finansiële komitee se hulp en ondersteuning. Saam met Stephani Venter (Voorsitter), Karn Botha, Suzette Viljoen en Susan le Roux kan ons verseker dat DK se finansies verantwoordelik bestuur word.

Na die *Covid*-pandemie het baie takke en lede gebuk gegaan onder finansiële uitdagings, wat natuurlik ook ’n invloed op ons organisasie gehad het. Met gereelde opvolgwerk kan ons met dankbaarheid terugvoer gee dat takheffings getrou inbetaal is en dat 10% van takheffings teen einde Augustus uitstaande was.

7. POPI-WET VORMS

Hierdie is ook ’n ekstra verantwoordelikheid wat bygevoeg is in die kantoor, maar ‘n noodsaaklike taak om ons organisasie in lyn te bring met wetlike vereistes. Ons is so dankbaar teenoor Karn Botha wat die groot taak op haar skouers geneem het om die nodige inligting te bekom en die dokumentasie op te stel. Na verskeie opvolgaksies is daar tans 25% van die lede se POPI-wet vorms nog uitstaande.

KARIEN SNYMAN
ADMINISTRATIEWE BEAMPTE